

DIE TWEEDE GROOT TREK IS HIER!

TREK JY SAAM OF BLY JY AGTER ? …..

DIE KEUSE IS JOUNE!

Die Eerste Groot Trek en die gevolge daarvan vir ons geskiedenis is wyd bekend en ons volk voel oor die algemeen positief daaroor. Dit het onder andere uitgeloop op die vestiging van twee onafhanklike Boererepublieke in Suidelike Afrika, waarin die strewe verwesentlik is om soewerein te wees

Die herstel van ons morele waardes is onlosmaaklik verbonde aan ons strewe na soewereiniteit, en kan nie daarsonder verwesentlik word nie. Soewereiniteit is eerder die gevolg van die herstel van morele waardes, en is onderhewig aan die hulp van ons Hemelse Vader

Die Tweede Groot Trek sal met n Geestelike “trek” moet begin en sal profeties ook tot groot gebeure en wonderwerke lei om ons volk weer vry te kry. Die vyande van ons volk het tot op hede hoofsaaklik die Humanisme gebruik om ‘n misplaaste skuldkompleks in ons volksgenote se denke te vestig.

Hierdie misplaaste skuldgevoel is die resultaat van jarelange indoktrinasie. Dit word steeds ingespan om ons volk op alle terreine ten gronde te rig. So byvoorbeeld kan verwys word na die aanklag teen ons dat ons swart mense se grond gesteel het en waarvan ten grondslag die aanspraak lê dat “grondhervorming” nou nodig is.

Hieronder volg enkele aksies vir die beslag van Groot Trek II en u sal ook hiermee saam kan besef hoe vêr ons as volk afgewyk het van die weë van ons Hemelse Vader.

1) ‘n Trek uit die dobbelhuise terug na ons eie huise (Jes. 65 vers 11 tot 14).

2) ‘n Trek uit die winkelsentrums op die Heilige Sabbat terug na waar ons met die ware Geestelike voedsel gevul word (Exo 20:10, 31:16 – Deut 5:14 – Neh. 13:15).

3) ‘n Trek uit die lees van perverse (Astarte-) en swak literatuur, terug na die lees van die Bybel (Rig 10:6, 1Sam 7:3, 1Sam 12:10).

4) ‘n Trek uit die plekke van plesier en genot, terug na die nakoming van ons Geloftes (2 Tim 3:4, Ps 50:14, 61:8, 76:11, 116:14, Spr20:25).

5) ‘n Trek uit die bordele, terug na die binnekamer van die huwelik wat Heilig is. (Heb 13:4, 1The 4:3)

6) ‘n Trek uit die kroeë, terug na ons huisgesinne. (Gal 5:21)

7) ‘n Trek uit en weg van die Sepies en ander TV programme wat sleg is vir die opvoeding, terug na Huisgodsdiens om die tafel (Deut 11:19, 31:13)

8) ‘n Trek weg van sosiale vermenging, verbastering, en gemengde sport, terug na eiesoortige volksbestaan (Deut.7:6, 1Pet.2:9-10 [Hos.2:9]; Num.25, Deut.23:2-3; Esra 9:1-2,12-14 Neh. 9:2, 13:3, 23-30.)

9) ‘n Trek weg van die “geen” respek vir ons ouers, terug daarna om hul te eerbiedig (Exo 20:12, Spr. 19:26, 28:24)

10) ’n Trek weg van kwaadpratery en skinder na woorde wat goed geweeg is (Ps 35:20, 52:6, Spr. 20:18 ,17:27, 18:8).

11) ‘n Trek weg daarvan om na ander mans se vroue te loer en hulle te begeer (Exo 20:17, Deut 5:21, Matt. 5:28).

12) ‘n Trek weg van arrogansie en die eie ek, terug na nederigheid en ‘n verslae gees waarin ons Hemelse Vader ‘n behae het (Spr. 6:17, 15:25, 16:5,8).

13) ‘n Trek weg van Godsdiensinstansies wat die nuwe polities korrekte boodskap bring, terug na die ware Leer (Mal 1:6, Rom 16:17).

14) ‘n Trek weg van homoseksualiteit en lesbianisme, terug na die normale gang van die Skepping (Lev 18:22).

15) ‘n Trek weg van die spreek van leuens terug na die spreek van waarheid (Spr. 12:22, Efe 4:25).

16) ‘n Trek weg van tweedrag tussen broers en volksgenote, terug na eensgesindheid (Spr. 6:19).

17) ‘n Trek weg van oneerlike wins terug na eerlike verdienste (Spr. 20:10, 20:23, 16:8).

18) ‘n Trek weg van luiheid, terug na vlytigheid (Spr. 6:6-11, Spr. 10:4).

19) ‘n Trek weg van waar ons kinders deur evolusie geleer word dat God nie die enigste Skepper is nie terug na die erkenning dat Hy die enigste Skepper van hemel en aarde is (Gen.14:19,22, Jes.40:2, Hos.13:4, Jes.43:11,45:5).

20) ‘n Trek weg van waar die Bybel nie meer as die waarheid erken word nie, terug na die wete dat die Bybel die enigste betroubare bron van saligheidswaarheid op hierdie aarde is en ons net daaraan kan vashou. (Rom 1:25).

21) ‘n Trek weg daarvan om as ingeligtes die onreg te sien en dan daaroor swyg terug daarna om vreesloos te staan vir wat reg is. (Mrk 4:21, Luk 8:16, Luk 11:33).

Om op te som:

Die Humanisme staan in direkte konflik met die gebooie en insettinge van ons Almagtige. Dit poog om Vader se morele waardes, en insettinge, te vervang met 'n Godsvreemde weergawe daarvan.

‘n Humanistiese bestel is ’n samelewing sonder enige morele fondament, presies soos wat ons tans beleef - daarenteen is ‘n Teokratiese bestel gevestig op die Skrif as fondament vir die definiëring van moraliteit en die sosiale kontrak met die volk.

Pak u koffers vir u deelname aan Groot Trek II vanuit Humanisme na ‘n Teokratiese bestel, waar die HERE (JHWH) alleen regeer – na Gelofteland.

Uitgereik deur: Die Geloftevolk Koördinerings Komitee (GKK)

e-pos: vrkomitee@gmail.com

webwerf: www.volksvergadering.co.za